# KONSTITUSIONELE ONTWIKKELINGE IN DIE TRANSKEI*

## INLEIDING:

### *Algemene kenmerke*

Hoewel die Transkei met 'n oppervlakte van 16,000 vk. myl, die grootste aaneengeslote Bantoeblok in Suid-Afrika is, is dit kleiner as selfs die kleinste onafhanklike staat in Afrika, naamlik Togoland met 'n oppervlakte van 20,000 vk. myl. Word die distrik Glen Grey, wat geografies 'n deel daarvan vorm, bygereken, beslaan dit 4½ miljoen morg wat ongeveer so groot is as Basoetoland plus die Bantoegedeelte van Swaziland. Die Transkei strek vanaf die Keirivier tot aan die Natalse suidelike grens en lê tussen die Drakensberge en die Indiese Oseaan en is feitlik net so 'n gebroke landskap as Natal; 15% van die gebied is berge, 40% baie bergagtig, 34% is heuwelagtig en slegs 11% is plat en saggolwend.

Vyf vername riviere vloei deur die gebied nl. die Groot Kei, Bashee, Umtamvuna, Umtata en die Umsimvubu met sy sytakke die Tstisa, Tina en Umzimhlava. Die valleie van hierdie riviere herinner baie aan die Tugelavallei in Natal.

Oor die algemeen het die Transkei 'n goeie reënval aangesien driekwart van die gebied meer as 30 duim per jaar kry, terwyl die minimum op 20 duim gereken kan word. Die gebied het voorts 'n gematigde klimaat met droë somers.

### *Die ontstaan van die gebied*

Die eerste Bantoes met wie die blanke trekboere in aanraking gekom het, was die Xhosas. Reeds vroeg in die agttiende eeu het blanke olifantjagters al met hulle kennis gemaak en teen 1768 was die voorpunt van die min of meer suidwaartsbewegende Xhosas by die Keiskamarivier waar hulle in aanraking met verskillende Hottentotgroepe was. Nog voor die einde van die 18e eeu is alreeds grense tussen die sg. Kafferland en die regsgebied van die N.O.I.K. geproklameer. 'n Chroniese grensvraagstuk het met verloop van tyd ontwikkel, en menige botsings en latere oorloë het tussen die Kaapse owerheid en die verskillende Xhosa-stamme plaas-

---

* Lesing gehou voor die Afrika-seminaar van die P.U. vir C.H.O. op 25 April 1962.

gevind. Die vasstelling van grenslyne kon egter nie die suidwaartsbewegende Bantoe stuit nie, nog minder kon dit die Noordoos-bewegende veeboere verhinder om nuwe weivelde anderkant die grens te betrek, sodat die einde van die Kompanjiesbewind in der waarheid die begin van 'n werklike grensvraagstuk was.

Nadat die Kaap finaal 'n Britse besitting geword het, is ook verskeie pogings aangewend om die grensmoeilikhede op te los. Verdrae is met die Bantoe gesluit en „agente" is by die vernaamste kapteins geplaas, waardeur Brittanje gaandeweg 'n invloedsfeer in Xhosaland gekry het. Sir George Grey het met sy Identiteitsbeleid (waardeur hy die belange van die blankes en Bantoes identies wou maak) in 'n poging om die grensvraagstuk finaal op te los, o.a. 'n anneksasieprogram ingelui wat sou eindig met die anneksasie van Pondoland in 1894.

Die Transkeise gebiede is nie „en bloc" deur die Kaapse regering geannekseer nie, maar stuksgewyse om verskeie redes en altyd met een hoofdoel voor oë: die daarstelling van 'n stabiele, rustige hinterland wat terselfdertyd ook goed sou inpas by die uitbreidingsprogram. Wat die Xhosas betref was hulle vasgevang tussen, aan die een kant, rustelose vooruitstrewende koloniste en, aan die ander kant, veglustige Zoeloes, wat gedurig druk op hulle uitgeoefen het vanuit Suid-Natal.

Die anneksasie van grondgebied het gewoonlik gevolg op verdrae of oorloë. Met voltooiing van die anneksasieprogram het die volgende gebiede wat algemeen as die Transkei bekend staan onder blanke beheer gekom:

(a) Die *eintlike Transkei,* bestaande uit die distrikte Butterworth, Kentani, Ngamakwe, Tsomo en Willowvale;
(b) *Tembuland,* insluitende Bomvanaland wat bestaan het uit die distrikte Engcobo, Xalanga (Cala), St. Mark's (Cofimvaba), Umtata, Elliotdale en Mqanduli;
(c) *Griekwaland-Oos,* saamgestel uit die distrikte Mt. Fletcher, Qumbu, Tsolo, Matatiele, Kokstad, Umzimkulu, Mt. Frere en Mt. Ayliff;
(d) *Pondoland,* bestaande uit die distrikte Bizana, Flagstaff, Tabankulu, Lusikisiki, Libode, Ngqeleni en Port St. Johns.

Vanaf 1879, toe begin is met die anneksasie van die Transkeise gebiede, tot 1913 was daar geen wetlike versekering dat die gebiede nie in blanke besit sou kom nie. Gedurende 1913 is die Naturellen Grond Wet, No. 27 van 1913 uitgevaardig, waarkragtens alle gebiede soos uiteengesit in 'n bylae tot die wet, sonder die goedkeuring van die Goewerneur-Generaal *nie* deur enige iemand anders as 'n naturel verkry kon word nie. (Dit sluit ook in regte en serwitute op sulke grond). Die Transkeise gebiede is in die bylae opgeneem en is verder beskerm deur die Naturelletrust- en -grond Wet, No. 18 van 1936.

Vir administratiewe doeleindes is die Transkei in 27 distrikte opge-

deel met magistrate verantwoordelik vir die administrasie van die verskillende distrikte. Om verder 'n eenvormige administrasie te verseker, is 'n Hoof-magistraat by Umtata geplaas en hy was verantwoordelik vir die toepassing van verskillende proklamasies. (Die anneksasiewette het die Goewerneur gemagtig om by wyse van proklamasie die gebied te beheer). Naas die toepassing van al die proklamasies was die Hoof-magistraat verder verantwoordelik vir die ontwikkeling van die gebied en die welsyn van die inwoners. Na die uitvaardiging van die Naturelle-administrasie Wet in 1927, is die magistraatstelsel vervang met 'n naturellekommissarisstelsel.

Alvorens oorgegaan word tot 'n bespreking van die konstitusionele ontwikkeling moet net vermeld word dat 'n stelsel van individuele grondbesit in 'n aantal distrikte van die Transkei ingevoer is. Hierdie stelsel was hoofsaaklik gebaseer op die beginsels vervat in die Glen Grey Wet, 1894 wat voorsiening gemaak het vir so 'n stelsel in die Glen Grey-gebied. Die stelsel van individuele grondbesit is uitgebrei na die distrikte Tsomo, Butterworth, Ngamakwe, Engcobo, Idutywa, Xalanga en Umtata. In die ander Transkeise distrikte het die kommunestelsel van grondbesit behoue gebly.

*Volkekundige indeling en bevolkingsdigtheid*

Die Transkei is die nasionale tuiste van die Xhosa-sprekende deel van die Bantoe. Hoewel hulle nie almal tot die Xhosa-stamgroep behoort nie, is die bevolking van die Transkei volkekundig en taalkundig betreklik homogeen. Al die verskillende stamme behoort tot die Nguni-groep met slegs 'n geringe indringing van Sotho aan die grense van Basoetoland. (Een van die vroeëre kapteins, George Moshesh I, was 'n seun van die Basoeto-opperhoof, Moshesh. Nadat Adam Kok, die Griekwa-stamhoof in 1858 na Niemandsland getrek het, het George Moshesh in daardie deel van die huidige Transkei gaan woon. Aanvanklik was hy baie onderdanig aan die Kaapse owerheid, maar later (1878) het hy aan grootskaalse opstande deelgeneem).

Volgens Van Warmelo kan die Nguni van die Transkei in twee hoofgroepe verdeel word: die ouer groep of oorspronklike Kaapse stamme en die latere groep of intrekkers. Onder eersgenoemde groep klassifiseer hy die Xhosa-stamgroep wat ongetwyfeld die belangrikste stamgroep was en wat die suidelike distrikte bewoon het. (Dit was hoofsaaklik hierdie stam wat betrokke was by die verskillende oorloë met die blankes). Ander stamme wat tot hierdie groep behoort is die Tembu van die middeldistrikte en die Pondo van die kusdistrikte noord van Port St. Johns.

Tot die tweede groep of latere intrekkers behoort die Fingo (hulle wat ronddwaal), 'n betreklik progressiewe groep wat volgens die verslag van die Tomlinson-kommissie meer van die Westerse beskawing aangeneem het as enige ander Transkeise stam. Benewens verskeie kleiner

stamme behoort die Baca, Hlubi, Xesile en Bomvana ook nog tot die groep latere intrekkers.

Met 'n bevolking van 3,145,000 is die Transkei relatief gesproke die digsbevolkte Bantoegebied in Suid-Afrika. Die gemiddelde digtheid kan op 78 per vierkante myl gereken word, wat min of meer dieselfde is as die digtheid van Natal maar met die verskil dat daar nie so 'n groot verskil tussen die dig- en relatief dunner-bevolkte dele bestaan nie. Die Tomlinson-kommissie het bereken dat 169,000 Xhosas buite die gebied woonagtig is en indien hulle in berekening gebring word, is die digtheid 94 per vierkante myl as die distrik Mt. Currie uitgelaat word. Met 'n permanente bevolking (Bantoe) van 2,976,000 is die Transkei nog digter bevolk as baie onafhanklike state in Afrika. (Gaboen 400,000; Mauritania 600,000; Togoland 1,000,000; Dahomey 1,700,000).

Die bevolking van die Transkei wat ongeveer 29% van die Republiek se Bantoebevolking verteenwoordig, woon versprei oor die hele gebied volgens 'n plattelandse patroon, en dit is ook kenmerkend dat daar geen enkele Bantoestad of -dorp is nie (in teenstelling met die Tswana wat in groot „dorpe" saamgetrek is). Die bestaande dorpe in die Transkei is die skepping van die blanke en laat die indruk van wit eilande.

*Landbou*

Die Transkei kan algemeen bestempel word as 'n landbougebied met goeie moontlikhede, maar op die oomblik kan dit nie sy huidige bevolking onderhou nie. Gedurende 1959 is bevind dat, indien al die Bantoegebiede van Suid-Afrika in ekonomiese landboueenhede opgedeel word, net vir 310,000 boere in al die tuislande voorsiening gemaak kan word. As veronderstel word dat 'n gemiddelde Bantoegesin uit 6 lede bestaan, kan al Suid-Afrika se Bantoe-tuislande 'n bevolking van onder die 2 miljoen dra, d.w.s. minder as die huidige Transkeise bevolking. Verder moet in aanmerking geneem word dat in ooreenstemming met die huidige beplanningsprojekte die helfte van die bevolking van die Bantoegebiede 'n alternatiewe bestaanswyse moet vind.

Die Xhosa beoefen 'n gemengde vorm van landbou, d.w.s. sowel veeteelt as akkerbou. Volgens die Afrika-Instituut was daar in 1960 1,390,000 stuks grootvee, 2,200,000 skape en 93,000 perde in die Transkei. Gedurende 1959—'60 het die gebied 'n totale mielie-oes van 1,378,177 sakke gehad, teenoor die 52,000,000 sakke in die res van Suid-Afrika (1961).

Op die gebied van bosbou bied die Transkei ook groot moontlikhede, maar op die oomblik is daar net 40,000 morge aangeplant.

Daar word tans egter veel gedoen om die Xhosa in veselverbouing te laat belangstel en in 1960 was alreeds 923 morge beplant. Kenmerkend van die meeste Bantoegebiede en ook die Transkei, is die feit dat die inwoners bykans geen belangstelling toon in die verbouing van vrugte en groente nie. Die klimaat in die Transkei is baie geskik daarvoor.

Soos die geval in die meeste ander Bantoegebiede is gronderosie 'n algemene verskynsel in die Transkei. Vanweë sy berg- en heuwelagtige geaardheid is die Transkei besonder moeilik beskermbaar teen grondverspoeling en hoewel veel in hierdie verband gedoen word, bly dit nogtans 'n bedreiging.

*Handel en Nywerheid*

Aan die einde van 1958 was daar 800 Bantoehandelaars in die Transkei van wie 207 slagters, 26 bakkers, 89 kafee-eienaars, 18 varsprodukte-handelaars, 14 meulenaars, 119 spekulante en 30 in verskeie ander sake-ondernemings was. Dit verteenwoordig ongeveer 2.66% van die totale aantal Bantoe-handelaars in al Suid-Afrika se Bantoegebiede. Met uitsondering van die „Vulindlela" (pionier)-meubelfabriek by Umtata is daar geen ander noemenswaardige nywerhede in die Transkei nie. Die Bantoe-beleggingskorporasie het tot aan die einde van 1961 R120,450 aan lenings vir nywerhede in al die Bantoegebiede bestee, en daar word verwag dat die grootste persentasie daarvan in die Transkei opgerig gaan word.

*Onderwys*

Teen 1960 het 83% van die Transkeise kinders tussen die ouderdomme 7 tot 14 jaar een of ander vorm van onderwys ontvang. Dit bring mee dat die skoolbesoek en graad van geletterdheid in die Transkei die hoogste van alle Bantoegebiede in Suid-Afrika is. Tans is daar 255,880 skoliere en studente in die Transkei van wie 131.544 in die laer primêre groep val, 7,526 in die middelbare groep, 702 in opleidingskole vir onderwysers en 271 in tegniese skole. Die gebied beskik verder oor die dienste van 4,744 onderwysers.

Hierdie syfers vergelyk baie gunstig met ander onafhanklike Afrika-state. In Sierra Leone, met sy onderwystradisie van oor die 150 jaar, was daar in 1958 maar net 76,000 skoliere uit 'n totale bevolking van 2½ miljoen. Ook op die gebied van Hoër Onderwys oortref die Transkei Sierra Leone, waar die Fourah Bay College alreeds in 1827 gestig is.

*Bantoe in die Staatsdiens*

Tot dusver was hoofsaaklik al die senior amptenare in die Transkei blankes gewees. Gedurende 1959 is die eerste Bantoe aangestel as sekretaris-tesourier van die Transkeise Gebiedsowerheid. Daar is egter verskeie ondergeskikte betrekkings wat deur Bantoeklerke gevul word, waarvan die meerderheid in diens van die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling is.

Die Departement Pos- en Telegraafwese het 21 Bantoes as assistent-posmeesters en 'n hele aantal klerke in diens. Selfs die munisipaliteite van die blanke dorpe maak op 'n redelike skaal van Bantoeklerke gebruik. Die Suid-Afrikaanse Polisie het 'n groot aandeel aan die „verafrikanisering" van die staatsdiens in die Transkei.

## DIE BEGIN VAN BANTOE-SELFBESTUUR IN DIE TRANSKEI

*Plaaslike bestuur deur Naturellerade*

Die Transkei se konstitusionele geskiedenis begin in der waarheid by die primitiewe owerhede wat deur die Bantoe self ontwikkel is en met verloop van tyd deur die blanke agente en magistrate beïnvloed en omgevorm is.

Gedurende 1882 het die inwoners van Fingoland besluit om die „Fingoland District Fund" in die lewe te roep, en deur middel van die fonds sekere belangrike dienste soos die aanbou van paaie en die verskaffing van onderwysfasiliteite gelewer. Tot 1893 het hulle hulleself vrywillig belas om die nodige geld vir die fonds te verkry.

In 1894 is die Glen Grey Wet, No. 25 van 1894 deur die Kaapse Parlement uitgevaardig waardeur o.a. voorsiening gemaak is vir 'n stelsel van plaaslike bestuur deur middel van Bantoerade vir die Glen Grey-gebied. In dieselfde jaar het die destydse Kaapse Eerste Minister, Cecil Rhodes, (wat ook verantwoordelik was vir die Raadstelsel), die verskillende Transkeise Gebiede besoek en besluit om die stelsel daar toe te pas. Kragtens die destydse heersende stelsel van ediktale wetgewing, is die Glen Grey Wet vervolgens ook op die Transkei toegepas, maar met enkele wysigings om aan te pas by plaaslike omstandighede.

Die doelstellings met so 'n raadstelsel was o.a. „that they should have a reasonable voice in the management of the internal affairs of the country" en verder „that they should be provided with the means of carrying out the local works and other useful services which are deemed necessary and desirable". (Bantoe, Junie 1955).

Die Transkeise Proklamasie waarkragtens Bantoerade in die lewe geroep is, verskil egter van die Glen Grey Wet in 2 opsigte, nl.

(a) dit maak nie voorsiening vir lokasierade nie;
(b) dit maak naas die distriksrade ook voorsiening vir 'n meer omvattende raad, die Transkeise Algemene Raad.

Vir elke distrik is 'n distriksraad in die lewe geroep, bestaande uit 6 lede van wie 2 deur die Goewerneur genomineer en aangestel is terwyl die oorblywende 4 lede deur die distrikshoofmanne uit hul eie geledere gekies is. Die magistraat van die betrokke distrik was 'n addisionele lid en voorsitter van die raad.

Die distriksrade was by magte om 'n spesiale heffing op naturelle te plaas en kon die gelde gebruik vir:

(i) die konstruksie en instandhouding van paaie en brûe;
(ii) die oprigting en instandhouding van nywerheids- en landbouskole;
(iii) die oprigting en instandhouding van skutte;
(iv) die dip van vee.

'n Verdere bepaling van die Proklamasie het voorsiening gemaak

vir die daarstelling van die Transkeise Algemene Raad bestaande uit 2 genomineerde lede van elke distriksraad. Daarbenewens het die Raad bestaan uit die Hoofmagistraat van Tembuland en die Transkei, as voorsitter, en die magistrate van Butterworth, Idutywa, Ngamakwe en Tsomo.

Die Raad kon 'n heffing van hoogstens 10/- op elke manlike naturel binne die gebied plaas en dit was verantwoordelik vir 'n groot verskeidenheid sake wat gewissel het van beheer oor lokasies tot die voorkoming van dronkenskap onder naturelle.

Sedert die instelling van Bantoerade vir die Transkei gedurende 1895 tot die aanvaarding van Bantoe-owerhede in 1955 het die Transkeise Algemene Raad belangrike ontwikkelings ondergaan om aan te pas by veranderde omstandighede. Die setel is in 1903 vanaf Butterworth na Umtata verskuif en die naam is in 1931 verander na „Die Verenigde Transkeise Algemene Raad", ook bekend as die Bunga. (Hierdie naamsverandering is meegebring deur die amalgamasie van die Transkeise- en Pondolandse Algemene Rade).

Gedurende die veertigjare bestaan van die raadstelsel in die Transkei het dit goeie werk gedoen, maar dit het ook mank gegaan aan ernstige gebreke wat veral die ontwikkeling van die Bantoe tot uiteindelike selfbestuur ernstig gestrem het. Die hele raadstelsel was egter 'n produk van die vorige eeu en meer bepaald van die destyds heersende owerheidsbeleid aan die Kaap, wat beslis daarop gerig was om naturellereg en -gewoonte te negeer, die stamverband te verbreek, en origens die tradisionele owerhede te ondermyn: 'n duidelike navolging dus van die gedagte van sir George Grey om die Naturelle „part of ourselves" te maak. Die hele stelsel was gebaseer op 'n Westers-demokratiese wyse (die ou Dorpsbestuursrade van die Kaapkolonie) waarin die tradisionele organisasie van die Bantoe geen plek gekry het nie. Aan die een kant word dus gebreek met die eie, die bekende by die Bantoe, en aan die ander kant word iets gegee wat die produk is van 'n ander kultuur en wat in sigself ook nie die elemente tot verdere uitbouing bevat het nie.

Na die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Naturelletrust (Wet No. 18 van 1936) het die neiging by die Transkeise rade ontstaan om in toenemende mate daarna op te sien vir geldelike hulp by die ontwikkeling van die gebied. Die gevolg was dat die inisiatief en dryfkrag van bo gekom het, van die Departement en nie van die Bantoe self nie.

### *Die aanvaarding van Bantoe-owerhede*

Na die saaklike uiteensetting van die ou raadstelsel in die Transkei (wat miskien ietwat teenstrydig met die beginsel van Bantoe-selfbestuur vertoon) moet die aandag gevestig word op 'n meer resente ontwikkeling, nl. die uitvaardiging van die Wet op Bantoe-owerhede in 1951, waardeur presies die teenoorgestelde beoog is as dit waarvoor die Glen Grey Wet van 1894 voorsiening gemaak het.

Die verskillende bepalings van die wet kan egter nie in besonderhede bespreek word nie, maar daar is enkele kardinale beginsels in die maatreëls opgesluit wat met die oog op die jongste verwikkelinge in die Transkei besondere aandag behoort te geniet, nl.

(a) Bantoebeheer oor Bantoegebiede;

(b) die aansluiting by die Bantoe se sosiaal-politieke tradisie;

(c) 'n herstel van die natuurlike Bantoe-demokrasie;

(d) die toekenning van meer as net adviserende magte aan Bantoe-owerhede, d.w.s. ook gesagsverskaffing aan die Bantoe;

(e) die moontlikheid wat die wet skep vir die bereiking van uiteindelike selfbestuur.

Dit is interessant om daarop te let dat dit aanvanklik nie die bedoeling was om die Wet op Bantoe-owerhede op die Transkei van toepassing te maak nie, en gedurende 1951 het die Verenigde Algemene Raad van die Transkei 'n mosie aanvaar waarvolgens die Raad verklaar het dat die gebied bevredigend deur die bestaande raadstelsel bedien word.

Dit het egter vir die Bantoe van die Transkei spoedig duidelik geword dat die Wet op Bantoe-owerhede 'n uitdaging aan hulle bied om die leerskool tot selfbestuur te benut. Gedurende die 1955-sitting van die Verenigde Algemene Raad van die Transkei is daar tien mosies ingedien waarin die Regering versoek is om die stelsel van Bantoe-owerhede ook op die Transkei van toepassing te maak. 'n Reseskomitee is aangestel om die hele aangeleentheid te ondersoek, en gedurende November 1955 kon by 'n spesiale vergadering van die Verenigde Algemene Raad aanbeveel word dat Bantoe-owerhede in beginsel aanvaar moet word.

Aangesien die stelsel van Bantoeadministrasie in die Transkei verskil het van die in die ander Bantoegebiede, is daar besluit dat Bantoe-owerhede by wyse van proklamasie vir die Transkei ingestel moet word om o.a. voorsiening te maak vir plaaslike omstandighede. Ingevolge Proklamasie no. 180 van 1956 is begin met die stigting van Bantoe-owerhede vir die Transkei. Op 1 September 1956 is die Verenigde Algemene Raad (Bunga) met sy 26 Distriksrade ontbind en op 20 Maart 1959 is die laaste Streeksowerheid en 'n Gebiedsowerheid vir die gebied ingestel. In sy finale vorm funksioneer daar 126 stamowerhede, 26 Distriksowerhede, 9 Streeksowerhede en een Gebiedsowerheid in die Transkei.

Die vordering wat in die Transkei met die Bantoe-owerhede gemaak is, was beslis 'n lang skof wat teen 'n baie vinnige pas afgelê is, maar dit is ook duidelik dat selfs waar Westers-georiënteerde bestuursvorme deur die Blanke owerheid van die vorige eeu ingevoer is, die tradisionele sosiaal-politieke struktuur van die Xhosa bly voortbestaan het. Met die Bantoe-owerhede is die latente krag van die Bantoe-eie stelsel benut in die ontwikkelingsprogram van die Bantoegemeenskap, en die Transkei het in ses jaar bewys dat die Bantoe op groot skaal aktief betrek kon word in alle aspekte van gemeenskapsontwikkeling. In teenstelling met

die ou Raadstelsel is die nuwe owerhede Bantoesentries ingestel vanaf die tradisioneel bekende stamowerheid met sy beperkte bevoegdhede tot by die gebiedsowerheid met sy meer omvangryke magte.

### *Die Wet op bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959*

Na aanleiding van die vordering wat met die owerhedestelsel in die land as geheel gemaak is, het dit vir die Regering noodsaaklik geword om duidelik te bepaal na watter einddoel hierdie ontwikkeling die Bantoegebiede en die daaraan verbonde volkseenhede moet voer.

Die antwoord hierop het gekom met die uitvaardiging van die Wet op Bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959. Daardeur het die Regering die versekering gegee dat hy werk in die rigting van selfbesturende Bantoevolkseenhede. Veel klem is in die Wet gelê op die ***geleidelike*** ontwikkeling van selfbesturende Bantoevolkseenhede, terwyl die groeikrag van die jong Bantoegemeenskappe saam met die verantwoordelike leiding van die blanke voog as fundamenteel vir 'n ewewigtige ontwikkeling gesien is.

Die wet het hoofsaaklik voorsiening gemaak vir:

(a) die erkenning van Bantoe-volkseenhede en die aanstelling van Kommissarisse-generaal vir elke volkseenheid om naas leiding en advies ook bestuursontwikkeling te bevorder;
(b) die inskakeling van stedelike Bantoe by gebiedsowerhede;
(c) die oordrag van grond van die Suid-Afrikaanse Naturelletrust aan gebiedsowerhede wanneer die tyd daarvoor ryp is;
(d) die verlening van wetgewende bevoegdhede aan gebiedsowerhede en die magtiging om belastings te hef, werke te onderneem en ondergeskikte owerhede die nodige leiding te gee;
(e) die instelling van Gebiedsrade waar nog geen gebiedsowerhede bestaan nie;
(f) die beëindiging van Naturelleverteenwoordiging in die Parlement.

Na aanleiding van die bepalings van die Wet op Bevordering van Bantoe-selfbestuur het die Transkeise Gebiedsowerheid onder voorsitterskap van hoofman Mantanzima gedurende April 1961 eenparig besluit om die Regering te vra om selfbestuur aan die Transkei toe te ken. 'n Reseskomitee is aangestel om op al die implikasies van die voorgenome stap in te gaan en ook met die Regering te onderhandel.

Deur hierdie stap het die Bantoe van die Transkei onomwonde bewys dat hulle die geleentheid wat die Regering vir hulle gebied het met beide hande aangegryp het. Hulle het voorts bewys dat hulle intens belang stel in selfbestuur en die geleentheid tot stelselmatige ontvoogding wat die Wet op Bevordering van Bantoe-selfbestuur gebied het, wil benut.

*Selfbestuur in die Transkei*

Die Transkei is die eerste Bantoe-tuisland wat die Regering genader het om selfbestuur as die eerste stap in die rigting van onafhanklikheid. Dit is van belang om daarop te let dat selfs die eerste stap in hierdie rigting, nl. die instelling van Bantoe-owerhede nie van regeringskant op die Transkei afgedwing is nie, maar as spontane versoek van die kant van die Bantoe self gekom het. Vyf jaar later is 'n stadium bereik waar die amptelike orgaan van die gebied direk gevra het om 'n vorm van selfbestuur. Die Regering was bereid om dit toe te staan en as antwoord op die spontane versoek van die Gebiedsowerheid verklaar die Regering dat 'n grondwet nie op hulle afgedwing sal word nie, maar dat dit aan die reseskomitee oorgelaat sal word om self met 'n pertinente voorstel te kom. Op daardie basis kan daar dan onderhandel word om 'n aanvaarbare reëling vir sowel die Blanke voog as die potensiële ontvoogde te kry.

'n Belangrike kenmerk van die versoek van die Transkeise Gebiedsowerheid is die feit dat daar aanvanklik gevra is om *vorm van selfbestuur* en nie om onafhanklikheid nie, waardeur geimpliseer word dat hulle hulself nog nie ryp genoeg ag vir so 'n stap nie. Hierdie versoek openbaar in 'n mate 'n heel ander gees as die heersende Afrika-opvatting van volle onafhanklikheid in die lig van die Pan-Afrikaanse strewe. Daardeur het die Bantoe van die Transkei voorts sy begeerte te kenne gegee om nog langer ontvanklik te wees vir die verantwoordelike leiding van die blanke voog en dat hy nie onder die invloed staan van die tydsfaktor van Afrika nie.

Die verslag van die reseskomitee van die Transkeise Gebiedsowerheid is 'n sprekende bewys van die erkentlikheid en dank van die Bantoe jeëns sy blanke voog. Die verslag wat as die kulminasie van die samesprekings met die Regering beskou kan word, is in Umtata (die toekomstige hoofstad van die gebied) 'n paar weke gelede vrygestel. Dit moet egter nog voorgelê word aan 'n volle vergadering van die gebiedsowerheid, maar daar kan verwag word dat dit sonder veel wysigings aanvaar sal word, aangesien dit sekerlik in ooreenstemming is met die gevoelens van die raad, soos verteenwoordig deur die komitee. Die finale seggenskap berus by die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, en daar is nog geen sekerheid of dit tydens die huidige sitting behandel gaan word nie.

*Voorgestelde Grondwet*

In die verslag van die reseskomitee van die Transkeise Gebiedsowerheid word die konsep-grondwet uiteengesit. Volgens die verslag sal die nuwe selfregerende staat bekend staan as die Transkei en die grense kom ooreen met dié van die ou Transkeise gebiede. In die verslag word egter aanbeveel dat in ooreenstemming met die Regering se beleid van konsoli-

dasie van die Bantoe-tuislande tot homogene blokke, die distrikte Glen Grey, Herschell en Queenstown by die Transkei gevoeg word.

Die voorgestelde grondwet bevat uitvoerige bepalings betreffende burgerskap in die Transkei. Volgens *Die Transvaler* van 31 Maart 1962 sal die Xhosas van die Transkei dubbele burgerskap geniet en dus nie as vreemde naturelle in die Republiek gereken word nie. (Selfs toegang tot die stedelike gebiede sal nie onderhewig wees aan art. 12 van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet, 1945 soos in die geval van byvoorbeeld die inwoners van die Hoë-Kommissarisgebiede nie, maar dit sal gereël word ingevolge art. 10 van genoemde Wet.) Origens sal hulle binne die grense van die Republiek dieselfde voorregte geniet as ander Bantoes.

Die *Wetgewende gesag* in die Transkei sal berus by die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika en die Transkeise Wetgewende Raad, terwyl laasgenoemde die bevoegdheid sal verkry om wette te maak in verband met die volgende sake: Justisie, Binnelandse sake, Finansies, Lande, Landbou en Bosbou, Onderwys, Welsyn en Arbeid. 'n Kabinet word aanbeveel met die volgende ministers:

(a) 'n Hoof-minister en Minister van Finansies,
(b) 'n Minister van Justisie,
(c) 'n Minister van Binnelandse sake,
(d) 'n Minister van Lande, Landbou en Bosbou,
(e) 'n Minister van Onderwys,
(f) 'n Minister van Welsyn en Arbeid.

Verskeie ander sake word egter gereserveer (voorlopig, volgens die verklaring van die Eerste Minister op 23/1/1962) vir die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, nl.

(a) Verdediging,
(b) Buitelandse sake,
(c) Binnelandse veiligheid,
(d) Pos- en telegraafwese,
(e) Spoorweë, nasionale paaie en hawens,
(f) Immigrasie,
(g) Betaalmiddele,
(h) Openbare lenings,
(i) Doeane en aksyns,
(j) Die Transkeise grondwet.

Met betrekking tot bogenoemde sake beveel die reseskomitee egter aan dat die Transkeise Wetgewende Raad wel adviserende magte moet verkry.

In die verslag word aanbeveel dat die Transkeise Wetgewende Vergadering uit 109 lede moet bestaan wat soos volg ingedeel word:

(a) vier Hoof-kapteins of hulle verteenwoordigers;

(b) sestig kapteins. Dit sluit in al die erkende of aangestelde kapteins en die getal mag nie sestig oorskry nie;
(c) vyf-en-veertig verkose lede. Vir hierdie doel word die Transkei in nege kiesafdelings verdeel.

Alle belastingpligtige burgers van die Transkei bo 21 jaar sal geregtig wees op die stemreg, maar kan gediskwalifiseer word as kiesers indien hulle byvoorbeeld skuldig bevind word aan sekere oortredings of ongerehabiliteerde insolvente is. Xhosas woonagtig buite die Transkei sal ook geregtig wees om as kiesers geregistreer te word op dieselfde basis as bv. die Basoetolandse naturelle wat binne die grense van die Republiek werksaam is.

Die Wetgewende Vergadering moet ten minste een keer per jaar vergader, en die ampstermyn van lede van die vergadering is vyf jaar. Al die wette wat deur die Wetgewende Vergadering uitgevaardig word, is onderhewig aan die goedkeuring van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika. Na bekragtiging daarvan sal dit in die Staatskoerant gepubliseer word. Die Staatspresident het verder die bevoegdheid om alle wette wat deur die Transkei uitgevaardig is terug te verwys vir verdere oorweging.

Met betrekking tot die besitreg van grond in die Transkei beveel die reseskomitee aan dat alle gronde wat tot nog toe deur die Regering van die Republiek, die Kaapse Provinsiale administrasie en die Suid-Afrikaanse Naturelletrust besit word, oorgaan na die Transkeise regering, onderworpe aan beperkinge deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika. Hierby word ook ingesluit alle ander openbare eiendomme.

Die voorlopige grondwet bevat verder uitvoerige bepalings betreffende 'n verskeidenheid aangeleenthede soos 'n eie vlag, 'n volkslied, vryheid van spraak, ampseed van lede van die Wetgewende Vergadering, die instelling van 'n Staatsdienskommissie, Plaaslike bestuur en inkomstebronne. Met betrekking tot laasgenoemde saak dien vermeld te word dat die Regering aangekondig het dat hy bereid is om geldelike hulp te verleen waardeur selfregering moontlik gemaak kan word.

*Enkele slotopmerkinge*

Die aankondiging van die Regering dat selfbestuur aan die Transkei verleen gaan word, het verskeie probleme na vore laat kom. Dit is onmoontlik om op hierdie stadium op al daardie probleme in te gaan, maar daar is 'n paar algemene vrae wat 'n bespreking regverdig:

(a) was die regering nie te haastig met die verlening van selfbestuur nie?
(b) is die Bantoe ryp vir so 'n stap?
(c) watter gevare hou dit vir die Transkei in besonder en vir die land oor die algemeen in?

(d) is die Transkei ekonomies en andersins in staat om die verantwoordelikhede te dra?

Met betrekking tot die vraag in (a) genoem, moet in gedagte gehou word dat ooreenkomstig die eise van vandag daar geen oomblik langer geaarsel kon word met so 'n stap nie. Hierdeur word ook nie te kenne gegee dat die aankondiging oor die Transkei die gevolg is van buitelandse of binnelandse druk nie. Dit is inteendeel die logiese uitkoms van Suid-Afrika se aanvaarde beleid, en indien die druk van buite so 'n deurslaggewende faktor was, sou die Suidwes-vraagstuk teen die tyd al 'n ander wending ingeneem het. Buitelandse druk kan dus tot 'n groot mate in hierdie verband uitgeskakel word en indien daar sprake van 'n toegewing was, moet dit binnelands gesien word en bly dit nogtans binne die bestek van die verklaarde beleid.

Of die Bantoe op hierdie stadium ryp is vir so 'n stap, m.a.w. of hulle in staat is om so 'n verantwoordelike taak soos 'n demokratiese bewind oor hulleself uit te oefen, kan daar veel gedebatteer word. Dit moet egter in gedagte gehou word dat daardie vermoë om self te regeer nie getoets kan word alvorens die geleentheid daarvoor gegee word nie.

Die probleem in (c) genoem, nl. of 'n selfbesturende Transkei eventueel nie dalk ernstige gevare of bedreiginge vir ons inhou nie, behoort myns insiens nie op te weeg teen die voordele wat die hele stelsel gaan inhou nie. Trouens, alles dui daarop dat ons in die toekoms swart buurstate gaan hê soos Basoetoland, Swaziland, Betsjoeanaland en verder nog Angola en Noord-Rhodesië, en 'n selfbesturende Transkei gaan moontlike gevare nie vergroot nie. Inteendeel behoort ons deur 'n proses van verantwoordelike ontvoogding 'n goeie buurskap met die Transkei te kan opbou en dus die gevare minder te kan maak met die Transkeise Bantoe op ons grense as wat dit binne ons grense sal wees.

Die Transkei is op die oomblik 'n onderontwikkelde gebied met groot moontlikhede. Die vraag ontstaan nou of so 'n gebied ekonomies in staat sal wees om die verantwoordelikhede onder die nuwe bedeling te dra. Daarby skyn dit asof die ekonomiese ontwikkelinge nie tred gehou het met die politieke ontwikkelinge nie. Dit alles mag die geval wees, maar deur die Bantoes van die Transkei aktief te betrek in ontwikkelingsprojekte (wat onder die nuwe bedeling meer moontlik sal wees) kan baie van daardie probleme oorbrug word. Daar is ander Afrika-state met kleiner moontlikhede, gebiede en kapitaalbronne wat met hulle groter bevolkings tog goed vorder op die weg van Selfregering. Deur die nodige samewerking en ondersteuning van die hele projek kan 'n gunstige klimaat geskep word, wat op sigself weer as stimulus kan dien vir verdere ontwikkeling terwyl twyfelagtigheid en halfhartigheid daartoe kan lei dat kapitaalweerhouding die projek verongeluk.

P.U. vir C.H.O. J. J. Henning.

## GERAADPLEEGDE WERKE


1. Unie van Suid-Afrika: *Verslag van die kommissie vir die Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika.* Deel 4, Hoofstukke 11, 12 en 13.
2. Unie van Suid-Afrika: *Bantoe*, Junie 1955, Augustus 1959.
3. Unie van Suid-Afrika: *Debatte van die Volksraad*, No. 21, 1951, No. 1 — 1959.
4. Republiek van Suid-Afrika: *baNtu*, Maart 1962. April 1962.
5. Afrika-Instituut: *Bulletin*, No. 3. Februarie 1962 (t.o.v. paragrawe 13—19).
6. *Die Transvaler:* 31 Maart 1962.
7. Rogers, H.: *Native Administration in the Union of South Africa.* 2nd edition.
8. Sabra: *Nuusbrief*, No. 45, Januarie—Februarie 1962.